No 9 - 2024] First Session, Seventh Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 19 SEPTEMBER 2024

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Mr B Petrus: The Western Cape Constitution's lack of relevance in South Africa and how it undermines national unity and hampers efforts to achieve cohesive governance.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(19 September 2024)***

1. Mr F C Christians: That the House debates the pending dismissal of 47 LEAP officers, especially now during this period of escalating crime in our communities.

2. Ms B M van Minnen: That the House debates the impact of the recently withdrawn 2022 national census data on the Western Cape's financial well-being.

3. Mr T C R Walters: That the House debates the importance of the memorandum of understanding signed by the City of Cape Town, the Western Cape Government and South African Police Service on 30 August 2024 and its impact on policing and policing resources in the Western Cape.

4. Mr L D van Wyk: That the House debates the impact of the Basic Education Laws Amendment Act on education in the Western Cape.

5. Ms W F Kaizer-Philander: That the House debates the recent rise in attacks on social workers and its impact on the Western Cape's social support network.

6. Mr D W Bryant: That the House debates the necessity for provinces to have expedited access to disaster funding in the light of recent extreme weather events and climate change.

7. Mr D W Bryant: That this House debates the Auditor-General's Consolidated General Report on Local Government Audit Outcomes for the 2022/23 period.

8. Mr P Johnson: That the House debates the feasibility of the current division of revenue in providing sufficient funding for provinces to fulfil their mandates.

**NOTICES OF MOTION *(12 September 2024)***

1. Ms T Lithakong: That the House notes the fire that broke out at the Siyahlala informal settlement in Dunoon in the early hours of Friday 6 September 2024; further notes that 25 shacks and one Breaking New Ground house (formerly RDP) were completely burnt out and 47 people remained homeless; notes that the sad part is that one of the victims is a disabled woman in a wheelchair who barely escaped the fire and was saved by her 23-year-old son, although her wheelchair, clothing items and identity document could unfortunately not be saved from the fire; notes that the family is currently in no position to rebuild their shack as they rely on the mother's state disability grant to make ends meet; and calls upon all levels of government to intervene in assisting all the victims of the fire with alternative accommodation, while making sure that the disabled women get a proper permanent state house, because it does not make sense that disabled parents and the elderly are not prioritised when it comes to state housing.

2. Mr B Ngqentsu: That the House notes and welcomes the recent arrest of Malusi Booi, the former member for Human Settlements of the City of Cape Town's Mayoral Committee representing the Democratic Alliance, and his co-accused; appreciates that the arrest is a crucial development in the ongoing efforts to address corruption and extortion in our government institutions; acknowledges that the details emerging from the ongoing case against Malusi Booi reveal significant evidence suggesting that the Democratic Alliance (DA) has played a role in facilitating and abetting extortionist activities in the Western Cape; calls for a comprehensive investigation into the extent of the DA's involvement in the corrupt activities associated with the Booi case, which includes examining any potential complicity or negligence on the part of DA officials and ensuring that appropriate measures are taken to hold accountable all those involved; commends the South African Police Service (SAPS) for their tireless and effective work in dismantling the corrupt networks and criminal enterprises that have compromised public trust; and reaffirms this august House's commitment to upholding the principles of transparency, integrity and accountability in public office.

3. Mr B Ngqentsu: That the House notes Premier Alan Winde's expenditure of more than R1 billion on the Safety Plan that has proven to be ineffective; further notes that, despite this substantial investment, violence continues to surge, particularly in poor working-class communities, and the failure to achieve tangible results raises serious concerns about the management, execution and accountability of this initiative; further notes that the recent surge in violence from 2 to 8 September, resulting in 22 deaths and 29 injuries, highlights the urgent need for a thorough review to determine why the plan has failed to deliver the promised improvements in community safety; demands transparency regarding the allocation and utilisation of the Western Cape's Safety Plan, which includes summoning J P Smith, Mayco member for Safety of the City of Cape Town, to appear before the

Committee to account for the implementation of the Safety Plan; calls on Premier Winde to go back to the drawing board, to review the current implementation plan and to devise a new strategy in the context of the cooperative agreement's broad framework in order to address the persistent violence and insecurity plaguing our communities; further calls for an independent impact evaluation of the Western Cape's Safety Plan to assess its effectiveness and to provide a comprehensive analysis of its shortcomings; and calls on the Premier to ensure that there is a relationship between Safety Plan's measures and socio-economic development that forms the basis for addressing the persisting and chronic underdevelopment in the Western Cape.

4. Ms R Windvogel: That the House notes with pride the recent signing of the Basic Education Laws Amendment Bill (BELA Bill) into law by President Cyril Ramaphosa; further notes and acknowledges that the signing of this transformative piece of legislation marks a significant milestone in our ongoing efforts to address and resolve the challenges facing our education system; recognises that the BELA Bill represents a substantial step forward in transforming our education sector as it aims to strengthen administration and governance, to make Grade R the new compulsory starting age, and to enhance oversight over languages and admissions policies, all of which are pivotal in addressing longstanding educational challenges; further notes and commends the national Minister of Basic Education for her unwavering commitment to the full implementation of the BELA Bill now that the Bill has been signed into law; calls for the swift and effective implementation of the BELA Bill to ensure that its objectives are met and that all communities, especially those in underserved areas, benefit from the reforms; and reaffirms this august House's commitment to improving the quality of education in South Africa and to supporting legislative measures that contribute to an inclusive, equitable and effective education system.

*See also:* Mr G Brinkhuis (p 8); Mr B Ngqentsu (p 8); Ms N D Nkondlo (p 8); Mr G P Marais (p 8); Mr D G Jacobs (p 9); Ms B Stoffel (p 10); Mr F Kamfer (p 10); Ms R Windvogel (p 10); Mr G Bosman (p 10); Mr N Constable (p 10); Mr D W Bryant (p 10); Mr B Ngqentsu (p 10); Ms N D Nkondlo (p 10); Ms A P Bans (p 11); Ms B Stoffel (p 11); Mr D J Wessels (p 11); Mr F C Christians (p 12); Mr G P Marais (p 12); Ms A P Bans (p 12); Mr B Ngqentsu (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr N Masipa (p 14); Mr D W Bryant (p 14); Ms W F Kaizer-Philander (p 14); Mr B Ngqentsu (p 15); Ms R Windvogel (p 15); Ms N D Nkondlo (p 15); Ms R Windvogel (p 16); Mr G Brinkhuis (p 16); Ms A Cassiem (p 16); Ms T Lithakong (p 16); Ms P Z Lekker (p 16); Ms R Windvogel (p 17); Ms B Stoffel (p 17); Mr F Kamfer (p 18); Mr F C Christians (p 18); Mr D J Wessels (p 18).

No 9 - 2024] Eerste Sessie, Sewende Parlement

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 19 SEPTEMBER 2024

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Mnr B Petrus: Die Wes-Kaapse Grondwet se gebrek aan relevansie in Suid-Afrika en hoe dit nasionale eenheid ondermyn en pogings belemmer om samehangende regeringstoesig te bevorder.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(19 September 2024)***

1. Mnr F C Christians: Dat die Huis die hangende afdanking van 47 LEAP-beamptes, veral nou in ŉ tydperk wanneer misdaad in ons gemeenskappe toeneem, debatteer.

2. Me B M van Minnen: Dat die Huis die impak debatteer wat die data van die nasionale sensus van 2022 wat onlangs teruggetrek is, op die Wes-Kaapse finansiële wel-stand het.

3. Mnr T C R Walters: Dat die Huis die belangrikheid debatteer van die memoran-dum van verstandhouding wat op 30 Augustus 2024 deur die Stad Kaapstad, die Wes-Kaapse Regering en die Suid-Afrikaanse Polisiediens onderteken is, en die impak wat dit op polisiëring en polisiëringshulpbronne in die Wes-Kaap het.

4. Mnr L D van Wyk: Dat die Huis die impak wat die Wysigingswet op Basiese Onder-wyswette (“Basic Education Laws Amendment Act”) op onderwys in die Wes-Kaap het, debatteer.

5. Me W F Kaizer-Philander: Dat die Huis die onlangse toename in aanvalle op maatskaplike werkers en die impak wat dit op die Wes-Kaap se maatskaplike onder-steuningsnetwerk het, debatteer.

6. Mnr D W Bryant: Dat die Huis die noodsaaklikheid debatteer dat provinsies versnelde toegang tot rampbefondsing kry in die lig van onlangse gebeure wat met uiterste weersomstandighede en klimaatsverandering verband hou.

7. Mnr D W Bryant: Dat die Huis die Ouditeur-generaal se Gekonsolideerde Alge-mene Verslag oor die Ouditúitkomste van Plaaslike Regerings ("Consolidated General Report on Local Government Audit Outcomes") vir die 2022/23-tydperk debatteer.

8. Mnr P Johnson: Dat die Huis die haalbaarheid van die huidige verdeling van inkomste debatteer om voldoende befondsing aan provinsies te verskaf om hul mandate na te kom.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(12 September 2024)***

1. Me T Lithakong: Dat die Huis kennis neem van die brand wat Vrydag 6 September 2024 in die vroeë oggendure by die Siyahlala- informele nedersetting in Dunoon uitgebreek het; verder kennis neem dat 25 opslaanhuise en een Breaking New Ground-huis (voorheen HOP) heeltemal uitgebrand het en 47 mense dakloos gelaat is; kennis neem dat die hartseer deel is dat een van die slagoffers ŉ gestremde vrou in ŉ rolstoel was wat net-net die brand vrygespring het omdat haar 23-jarige seun haar gered het, alhoewel haar rolstoel, klere-items en identiteitsdokument ongelukkig nie uit die brand gered word nie; kennis neem dat die gesin tans in geen posisie is om hul opslaanhuis te herbou nie, aangesien hulle staatmaak op hul ma se staatsongeskiktheidstoelaag aangewese is om oor die weg te kom; en ŉ beroep op alle regeringsvlakke doen om in te gryp om al die slagoffers van die brand by te staan met alternatiewe verblyf, terwyl toegesien word dat die gestremde vroue ŉ behoorlike permanente staatshuis kry, want dit maak nie sin dat gestremde ouers en bejaardes nie geprioritiseer word wanneer dit by staatsbehuising kom nie.

2. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis kennis neem van en die onlangse inhegtenisneming verwelkom van Malusi Booi, die voormalige lid vir Menslike Nedersettings van die Stad Kaapstad se burgemeesterskomitee wat die Demokratiese Alliansie verteenwoordig het, en sy medebeskuldigdes; waardering uitspreek vir die feit dat die inhegtenisneming ŉ deurslaggewende ontwikkeling is in voortgesette pogings om aandag te skenk aan korrupsie en afpersing in ons regeringsinstellings; erkenning gee dat die besonderhede wat uit die voortgesette saak teen Malusi Booi na vore kom, betekenisvolle bewyse aan die lig bring wat daarop dui dat die Demokratiese Alliansie (DA) ŉ rol gespeel het om afpersbedrywighede in die Wes-Kaap te fasiliteer en moontlik te maak; ŉ beroep doen vir ŉ omvattende ondersoek na die omvang van die DA se betrokkenheid by die korrupte aktiwiteite wat met die Booi-saak geassosieer word, wat die ondersoek na enige moontlike aandadigheid of nalatigheid aan die kant van DA-amptenare insluit, en om te verseker dat toepaslike maatreëls getref word om al die betrokkenes aanspreeklik te hou; die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) aanprys vir hul onvermoeide en doeltreffende werk om die korrupte netwerke en kriminele ondernemings wat openbare vertroue in die gedrang gebring het, af te takel; en hierdie deurlugtige Huis se verbintenis tot die handhawing van die beginsels van deursigtigheid, integriteit en verantwoordingspligtigheid in openbare ampte herbevestig.

3. Mnr B Ngqentsu: Dat die Huis kennis neem van Premier Alan Winde se besteding van meer as R1 miljard aan die Veiligheidsplan wat bewys het ondoeltreffend te wees; verder kennis neem dat, ten spyte van hierdie aansienlike belegging, geweld steeds toeneem, veral in arm werkersklasgemeenskappe, en die versuim om tasbare resultate te behaal ernstige kommer wek oor die bestuur, uitvoering en verantwoordingspligtigheid van hierdie

inisiatief; verder kennis neem dat die onlangse oplewing van geweld van 2 tot 8 September, wat tot 22 sterftes en 29 beserings gelei het, die dringende behoefte aan ŉ deeglike hersiening beklemtoon om vas te stel waarom die plan nie die beloofde verbeterings in gemeenskapsveiligheid behaal het nie; deursigtigheid oor die toekenning en benutting van die Wes-Kaap se Veiligheidsplan eis, wat die dagvaarding van J P Smith, Burgemeesters-komiteelid vir Veiligheid van die Stad Kaapstad, insluit om voor die Komitee te verskyn om vir die implementering van die Veiligheidsplan verantwoording te doen; ŉ beroep op Premier Winde doen om van voor af te beplan, om die huidige implementeringsplan te hersien en om ŉ nuwe strategie in die konteks van die samewerkende ooreenkoms se breë raamwerk te ontwerp ten einde aandag te skenk aan die aanhoudende geweld en onsekerheid wat ons gemeenskappe teister; verder ŉ beroep doen vir ŉ onafhanklike impakbeoordeling van die Wes-Kaap se Veiligheidsplan om die doeltreffendheid daarvan te beoordeel en om ŉ omvattende ontleding van sy tekortkominge te maak; en ŉ beroep op die Premier doen om toe te sien dat daar ŉ verband is tussen die Veiligheidsplan se maatreëls en sosio-ekonomiese ontwikkeling wat die grondslag vorm vir die skenk van aandag aan die volgehoue en chroniese onderontwikkeling in die Wes-Kaap.

4. Me R Windvogel: Dat die Huis met trots kennis neem van die onlangse ondertekening en bekragtiging van die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (“Basic Education Laws Amend-ment Bill” of BELA-wetsontwerp) deur President Cyril Ramaphosa; verder kennis neem van en erkenning gee aan die ondertekening van hierdie transformerende stuk wetgewing as ŉ belangrike mylpaal in ons voortdurende pogings om aandag te skenk aan die uitdagings wat ons onderwysstelsel die hoof moet bied, en dit op te los; erkenning gee dat die BELA-wetsontwerp ŉ daadwerklike stap vorentoe in die transformasie van ons onderwyssektor is aangesien dit daarop gemik is om administrasie en bestuur te versterk, om graad R die nuwe verpligte aanvangsouderdom te maak, en om toesig oor tale en toelatingsbeleide te verbeter, wat alles deurslaggewend is p, aandag te skenk aan die langdurige opvoedkundige uitdagings; verder kennis neem van en die nasionale Minister van Basiese Onderwys aanprys vir haar onwrikbare verbintenis tot die volle implementering van die BELA-wetsontwerp nadat die Wetsontwerp onderteken en bekragtig is; ŉ beroep doen vir die vinnige en doeltreffende implementering van die BELA-wetsontwerp om toe te sien dat die doelwitte daarvan behaal word en dat alle gemeenskappe, veral die gemeenskappe in gebiede wat onderbedien is, by die hervormings baat vind; en hierdie deurlugtige Huis se verbintenis tot die verbetering van die gehalte van onderwys in Suid-Afrika en tot die ondersteuning van wetgewende maatreëls wat tot ŉ inklusiewe, billike en doeltreffende onderwysstelsel bydra, herbevestig.

*Kyk ook:* Mnr G Brinkhuis (bl 8); Mnr B Ngqentsu (bl 8); Me N D Nkondlo (bl 8); Mnr G P Marais (bl 8); Mnr D G Jacobs (bl 9); Me B Stoffel (bl 10); Mnr F Kamfer (bl 10); Me R Windvogel (bl 10); Mnr G Bosman (bl 10); Mnr N Constable (bl 10); Mnr D W Bryant (bl 10); Mnr B Ngqentsu (bl 10); Me N D Nkondlo (bl 10); Me A P Bans (bl 11); Me B Stoffel (bl 11); Mnr D J Wessels (bl 11); Mnr F C Christians (bl 12); Mnr G P Marais (bl 12); Me A P Bans (bl 12); Mnr B Ngqentsu (bl 13); Me R Windvogel (bl 13); Mnr N Masipa (bl 14); Mnr D W Bryant (bl 14); Me W F Kaizer-Philander (bl 14); Mnr B Ngqentsu (bl 15); Me R Windvogel (bl 15); Me N D Nkondlo (bl 15); Me R Windvogel (bl 16); Mnr G Brinkhuis (bl 16); Me A Cassiem (bl 16); Me T Lithakong (bl 16); Me P Z Lekker (bl 16); Me R Windvogel (bl 17); Me B Stoffel (bl 17); Mnr F Kamfer (bl 18); Mnr F C Christians (bl 18); Mnr D J Wessels (bl 18).